MAYONGO

1. Nou kyk netnou het ek vir jou dieselfde gevra toe jy saamgegaan hetmet die speurder toe het jy gesê dat die een sien jy toe vir die eerste keer. Het jy so gesê ? Ja, dit is reg.

2. En die ander een het jy al/gesien by 'n paar plekke wat jy genoem het ᵽ by die bar, op die voetbal veld en dit is heeltemal reg ?- Ja.
voorheen

3. En jy het hom op geen ander plekke gesien voorheen nie ?-- Ek het hom by die firma ook gesien.

4. By die firma - waar by die firma ?-- Die eerste keer het ek hom by die plekke gesien en by die firma het ek hom ook gesien

5. Ja, maar dit het jy nie netnou gesê nie?- Ek was nie gevra nie.

6. Maar by watter firma het jy hom gesien ?-- BY. D.F.B.

7. Nou wanneer het jy hom daar gesien ?-- Die eerste keer wat ek hom gesien het was daardie oggend by die vuur het ek hom eers gesien. Toe sien ek hom weer die dag toe die speurders my die dag na die firma geneem het en nou hier in die Hof.

8. Nou sêjy dan dat toe die speurder jou geneem het na hom toe daar by sy huis het jy hom toe nie vir die eerstekeer gesien nie maar jy het hom al voorheen gesien ?-- Ja ek het hom gesien ja daardie oggend.

9 Nou jy het ook gesê nou dat jy albei diemanne die oggend by die vuur gesien het ?- Ja.

10. Nou wie het jy nog daar by die vuur gesien ?-- Niemand anders behalwe die een wat saam met my geloop het.

11. En hoe ver was jy toe van diehuis af ?-- Net voor die huis.

12. Reg voor die huis ?- Buitekant die huis net voor diehuis.

13. Is dit nou voor die kamer waar julle geklop het of is dit die kamer van die ander man ?-- Nee dit is voor diekamer waar ons geklop het.

14. Maar is dit naby die kamer van die ander man wat daar slaap ?- Ja.

15. Hoe ver daarvandaan - voor diehuis voor die deur ?-- Nee omtrent van hier na die muur daarso (due aan 7 - 8 tree)

1. Het jy enige përsone daar gesien in die omtrek behalwe die mense wat by die vuur gesit het ?- Nee.

2. Niemand daar gesien nie ?--Nee.

3. En toeis jy reguit daarvandaan werk toe ?- Ja.

4. Nou kyk, toe jy by die werk kom het jy jou klok kaart geneem en jy het ingeklok nie waar nie ?- Ja.

5. Nou wys jou klokkaart nie dat jy vroeër ingeklok het as gewoonlik nie vroeër as 7 uur nie ?-- Ek klok in nes ek daar kom al is dit voor 7 dan klok ek in

6. Maar daardie dag was ditnie 'n lang tyd voor 7 nie ?- Ek weet dat ek geklok het voor 7

7. Jy het voor 7 geklok nou hoelank voor 7 omtrent ?-- Ek weet nie of dit half 7 of kwart voor 7 was nie.

8. Maar dit was minstens kwart voor 7 uur - het jy gekyk op die horlosie ?- Ek het gekyk.

9. Jy het gekyk op die horlosie ?-- Ek hetja.

10. Wat her die horlosie gesê ?- Ek onthou niemeer nie dit is nou 'n lang tyd gelede.

11. Maar toe jy daar begin toe is dit nog vroeë as wat die ander mense daar kom ?_ Nee toe ek daar kom toe is daar alvan diemense in die verskillehde departemente.

12. Het jy nie vir die speurder gesê dat jy het voor die tyd daar gekom nie ?-- Nee ek het vir die speurder gesê ek het voor die tyd daar gekom voor die klok lui om te werk.

13. En het jy nie vir hom gesê hoelank voor die tyd jy daar gekom hetnie ?- Ek het nie gesê nie.

14. Nou sê vir my jy het vir my gesê jy het eers toe jy gevang is en weggeneem is gehoor waaroor die moeilikheid is ?- Ja.

15. En jy het toe eersgehoor van diemoeilikheid wat daar in die Paarl was ? Ja.

16. Hoe het jy geweet toe hulle jou vra watter aand dit was waarvan hulle praat wat die moeilikheid in die Paarl was ?- Die Bantoe speurder het my gevra. Hy het gesê "Was jy ook hiersô gisteraand"

1. Is dit in die Paarl ?- Ja.

2. Is dit die Bantoe Speurder die dag toe jy gearrêsteer is ?- Ja.

3. Toe het hy vir jou gevra en het hy vir jou gesê wat in die Paarl aangegaan het ?- Hy het my nie gesê nie. Hy het net gesê "Was jy hier gisteraan" Toe sê ek nee.

4. Hoe het jy geweet van watter dag die speurder praat toe hy vir jou vra of jy in die Paarl was ?-- Dit was op 'n Donderdag en hy het vir my gevra was jy gisteraand hierso.

5. En dit is al wat hy gesê het ?- Dit is al.

6. En lank daarna het die ander speurder jou gevra oor die onluste in die Paarl?- Die speurder op Worcester het nie gesê nie.

7. En na dit het iemand jou darem gesê? Ja.

8. En toe hoe het jy geweet watter aand praat hulle van ?-- Stel dit so - hoe het jy geweet hulle praat van dieselfde aand wat die eerste speurder van gepraat het ?- Ek het dit moeit onthou want dit was op 'n Donderdag en die Blanke Speurder het vir my gesê "waar was jy gisteraand" Ek onthou dit.

9. Ken jy vir Saandischi Makhaphela?- Vir die derde keer het ek hom hier gesien in die Hof.

10. Waar het jy hom die tweede keer gesien ?- Die eerste keer het ek hom gesien in die tronk op Worcester.

11. Die eerste keer in die tronk dus voorheen het jy hom nooit geken nie ?-- Gladnie.

12.Het jy gehoor wat hy/die Hof vertel het dat jy die aand van die onluste op 'n groot vergadering wwas ?-- Ek het gehoor dat hy so sê.

(above line: "hier in")

12. En wat sê jy daarvan ?-- Hy lieg.

13. En hy sêook jy was op dieoptog gewees ?-- Hy lieg ek is maar net een persoon.

14. En ken jy ook vir Ndala ?-- Ek sien hom ook vir die tweede keer in die Hof hier.

15. En waar het jy hom die eerste keer gesien ?-- In die tronk hier in die Paarl toe ek van Worcester af kom.

MOYANGO

1. Jy en Ndala het nooit moeilikheid met mekaar gehad nie ?- ?- Ek ken hom gladnie ek sienhomhier in die tronk.

2. Nou het jy gehoor wat hy gesê het.

3. DEUR DIE HOF: Waar het hy hom die eerste keer gesien ?- Hier in die tronk.

4. In die Paarl ?-In die tronk in die Paarl toe ek van Worcester af kom.

5. KRUISVERHOOR WORD DEUR MNR. TRAUT VOORTGESIT: Nou kyk Ndala het ook gesê jy was by 'n groot vergadering die aand ?-- Die aand van dieoptog ?-Hy lieg ek was nie daar nie.

6. En hy sêook dat hy jou by die Dal bruk gesien het die aand?- Alles wat hy van my sê is leeuens.

7. Alles. Jy onthou alles wat hy gesê het ?- Alles wat hy van my gesê het onthou ek.

8. Nou kyk ek sien jy het 'n snor - het jy dit gehad voorheen ? Nee ek skeer gewoonlik.

9. Jy skeer gewoonlik - waar kom die snor dan vandaan ?-- Hier skeer ek nie meer nie.

10. Die dag toe jy gearresteer is toe het jy nog nie 'n snor gehad nie ?- Ek het 'n baard gehad.

11. 'n Baard en 'n snor gladnie ?-- Daar wasmaar hulle was nog klein.

12. DEUR DIEHOF: Die baard wat hy gehad het toe hy gearresteer was - sê hy moet nou mooi sê die baard was dit 'n lang baard ?_ Taamlik lank al.

13. Op sy ken ?-- Ja.

14. En op sy bo-lip ? Ek het ook 'n snor gehad.

15. So hy het 'n baard en 'n snor gehad ?-- Toe he gearresteer is ? Ja.

16. Was dit 'n groot baard gewees ?- Ek weet nie hoe lank dit was nie maar daar was baie.

17. KRUISVERHOOR WORD DEUR MNR. TRAUT VOORTGESIT: Nou kyk toe jy gearresteer is het hulle van jou 'n foto geneem ?- Ja.

18. DEUR DIE HOF -- Wanneer is die foto geneem ?- Die Vrydag of Saterdag.

1. Was dit Vrydag of Sate dag ? Ja.

2. KRUISVERHOOR WORD DEUR MNR.TRAUT VOORTGESIT: Nou kyk sien jy jou foto daar ?-- Ja.

3. Sien jy 'n groot baard Hy wys dit uit en hy sê daar is dit. Bewysstuk PJ15)

4. DEUR DIE HOF: Dit lyk of daar baard op sy gesig is mnr. Traut

5. KRUISVERHOOR WORD DEUR MNR. TRAUT VOORTGESIT: So jy sê Ndala het alles gelieg wat hy hier gepraat het in die Hof en alles wat hy sê is onwaar ?-- Ja alles wat hy sê is onwaar.

6. Nou kyk Anderson Ntsunshu en Douglas Yakopi het gepraat hier het vertel hier vir die Hof dat voor hulle was aan jou gevra gewees of jy geslaap het engeklop het by hulle ?-- Dit is die speurder wat self aan Douglas gesê het dat ek het daar geslaap

7. En jy het gehoor die speurder sê so vir Douglas ?-- Ja ek het gehoor toe die tolk vir hom so sê

8. Toe help jy homnie reg nie. Ek het dadelik vir die tolk gesê "Ek het nie hier geslaap nie".

9. REEXAMINATION BY MR ROGERS: You said in your Cross-examination that you don't know of any time when Madikane did not sleep in D19 ?- Yes.

10. Was there a time that Madikane did not go back to the Transkei? Put it this way - was there a time that Madikane was not there for any period of time ?- He went home.

11. When was that ?-- I think it was October 1961, but in January 1962 he wasnot here.

12 So he was away approximately from October, to January ?-- I am not sure of themonth, but I know he was away. He went home.

13. You said you did not know Douglas before this ? No.

14. And whose friend was Anderson ?-- I dont know, who his friend is but he is known by Myeni.

15. DEUR MNR. GROENEWALD: Daardie oomblik wat die man gesê het "Yo yo" waar het die son gesit ?-- Dit was omtrent dat die s son wil ondergaan.

16. So dit was nog heeltemal lig ?- Dit was lig ja.

17. Toe jy nou uitkom toe sien jy die mense met die gevaarlike

wapens ?-- Ja.

1.En die eerste wat jy sien is jou vriend is by hulle ?- So aan diekant van die mense.

2. Hoekom het jy nie by sy kant aangesluit nie ?-- Ek het baie geskrik. Ek hetnog nooit gesien dat mense met sabels rondloop nie.

3. En het hulle het in die pad afgehardloop ?-- Hulle het van Seebroek na ons toe gekom.

4. Hulle hetnie in huise ingegaan nie ?- Ek het nie gesien nie ek het gehardloop.

5. Hoekom het jy nie terug gegaan na jou huis nie ?- Ek was baie bang.

6. Jy kon die deur toegemaak het ?-- As ek teruggekom het sou ek die deur toegemaak het.

7. Jy het geweet daar is van jou vriende agter in diekamer ?-- Ek was baie bang om terug te gaan.

8. Nou jy geweet wie hulle nou eintlik aanval ?- Ek het nie geweet nie.

9. Maar jy het geweet jy het niks gedoen nie, jy is onskuldig?- Ek het nog nooit sabels gesien nie.

10. Nou toe die mense agterjou aan hardloop toe jy die bos binnegaan hoever was hulle agter jou ?-- Ek hetnie omgekyk nie ek hetnet gehardloop.

11. Jy weet nie eers or hulle omgedraai hetnie ?- Ek weet nie.

12. Het jy 'n wapen of iets gehad ?- Nee ek het nie 'n wapen nie.

13. Nou i.v.m. die getuisnis wat jy afgelê het jy het gesê dat die eerste keer wat jy gesê het dat jy in die ruskamer geslaap het was nadat Sst.Vermeulen vir jou van Worcester af gebring het Is dit reg ?-- Nee dit is die speurder hier by die polisie stasie gesê het.

14. Wel dit is wat ek hier neergeskryf het en ek glo nie dit is verkeerd nie. Hoelank was jy toe al in hegtenis ?-- Ek weet dit was in Januarie maand toe ek van Worceste af teruggekom het.

MOYANGO

1. Ja maar hoelank was jy toe al in hegtenis ?-- Ek was in November maand gearresteer en in Desember maand was ek in die tronk.

2. En het jy toe al geweet waaroor jy aangehou word ?-- Toe ek o pgesluit was het ek nie geweet waarom nie.

3. En het jy nie die polisie gevra waarom jy nou eintlik aangehou word nie ?-- Daar by die fabriek toe hulle vir my kom haal toe vra ek hoekom en hulle het niks aan my gesê nie.

4. Wanneer het jy dan vir die eerste keer gehoor waaroor jy aangehou word ?-- Die Donderdag was ek gesê van die Bantoe speurder.

5. Hoekom het jy nie toedadelik gesê jy was gladnie - jy het gladnie deelgeeneem daaraan nie ?--Ek het gesê ek weet niks daarvan nie ek weet nie hoekom hulle my vang nie.

6. Hoekom het jy nie gesê jy het op 'n ander plek geslaap nie ? Die speurder het toe somar van my af weggeloop hy hetnie van my 'n verklaring geneem nie.

7. Sê vir my daar waar julle geslaap het daar in die wagkamer het julle op die vloer gelêe daar is banke waarop die mense eet

8. Het julle die deur toegemaak ?- Ja.

10. Watter klere het jy aangehad ?-- Ek het die baadjie aangehad, 'n khaki broek en so 'n witterige hemp

11. Jy het nie 'n jas aangehad nie ?- Ek hetnie 'n jas nie.

12. Was Myeni saam met jou opgesluit of nie ?- Hy was nie gearresteer nie.

Wannee het jy hom vir die eerste kee gesien na die nag wat julle saam geslaap het ?-- Toe ek van Woreeste af teruggekom het en d deur die speurders aan hom geneem is.

13. Die bewering wat gedoen was deur Ndala dat jy die nag van die onluste 'n vrou gekap het wat sêjy daarvan ?- Hoe kan ek mense gekap het as ek geslaap het.

14. DEUR DIE HOF: Waar was hy die Dinsdag aand die aand voor die moeilikheid hier op die dorp ?-- By die werk.

15. Hoelaat het hy van die werk af gekom ?-- Van die werk af was ek kwart oor vyf.

MOYANGO.

1. Ja en wat het hy toe gedoen ?- Toe is ek na die bar.

2. Ja en toe ?-- Van die bar af is ek huistoe ?- H

3. Hoelaat was dit ?-- Dit was na 8 uur gewees die aand.

4. Wat het hy toe gedoen ?- Toe het ek kos reggemaak.

5. En toe ?-- Ons het toe geëet.

6. Entoe ?- Ons het toe/gesit en gesels en toe gaan slaap.

7. Wie het almal gesit en gesels ?-- Ek, Maganjana, Madekane en Jobe die vier van ons.

8. Waaroor het hul gesels ?- Oor die werk het ons gepraat en oor geld dat ons nie moet geld mors nie

9. Waaroor moet hulle nie geld mors nie ?-- Hulle sê ek mors geld want ek drink, baie.

10. Het julle nie ook gepraat van moeilikheid wat daar was die aand in dielokasie nie ?-- Ek is nou nie seker of dit die Maandag was nie of die Dinsdag maar ek het gesien sekere Bantoes het sekere vriende van hulle of mense van hulle stam gaan haal.

11. Gaan haal - waar ? Van Blok D

12 Van Blok D ?- Ja van D kom haal terug na B.

13. Wat het hy toe gesien ?- Ek het niks verder gesiennie Edelagbare.

14. Nou toe die mense vir die ander kom haal was daar nie toe ook moeilikheid nie ?-- Nee ek het niks bakleiry gesiennie.

15, Is mense nie geja nie ?-- Die Maandag en die Dinsdag het ek nie gesien dat mense geja word nie.

16. Het hymiskien gehoor daarvan dat die mense geja is die Maandag of die Dinsdag ?-- Nee.

17. Jy sien mense het gehoor dat die Poqos is gejaag deur Wilson se mense in dielokasie nie ?- Ek weet nie dat lede van Poqo gejaag was nie.

18. Het hy dit nie gehoor nie ?-- Nee daardie Donderdag was ek gearresteer.

19. Nee die Maandag en die Dinsdag ?-- Ek hetnie dit gehoor nie

20. Nou waarom het die mense dan van B Blok hul familie vriende of van dieselfde stam kom haal van D Blok ?- Ek weet nie maar ek het gesien die Maandag dat mense geskuif was.

1. Die Maandag ?-- Dinsdag ook dat mense nou en dan omgeruil word.

2. Wie het hulle omgeruil ?-- Ek weet nie wie het hulle omgeruil nie.

3. En hy het nooit op Maandag of Dinsdag gesien dat mense gejaag word nie ?-- Nee. Ek het net gesien dat mense omgeruil word.

4. Ken hy van die mense wat ongeruil is ?- Ek het hulle nie geken nie.

5. Hy het vertel dat hy in Blok D No. 19 gewoon het ?- Ja.

6. Ken hy ander mense ook wat in D Blok gewoon het ?- Nee buiten die wat saam met my in die huis bly.

7. Was daar niemand anders wat saam met hom gewerk het wat by D Blok gebly het nie ?-- Nee ek ken niemand wat in D Blok bly wat saam met my werk nie.

8. Hoelank bly hy in D Blok ?-- Vanaf 1960. In 1961 is ek weer huistoe.

9. Waarheen ?-- Cala.

10. Die huis net na hom in D Blok langes aan syne weet hy nie wie daar gebly het nie ?-- Ek sienhull nie ek ken hul nie.

11. Het jy geen een geken nie ?-Nee maar ek sien hulle.

12. Julle gebruik darem tog seker dieselfde kombuis ?- Nee.

13. En dieselfde latrienes ?- Nee daar is baie latrienes

14. Ja maar as die huis langes aan joune is dan gebruik julle seker dieselfde ?- Ek weet nie of hul na die naaste gaa nie.

15. En die waskamer ?-- Daar is net eenplek waar hulle was.

16. Ken hy 'n persoon by die naam van Archie Doena ?-- Nee.

17. Het hy hom al gesien ?-- Nee.

18. Hoe weet hy so goed dat Madikane ook huistoe was ?-- Ek weet dat Madekani weg is voor die firma waar ek by gewerk het gesluit het.

19. Watter firma is dit ?- Hy is met Maste treads en ek is by Bergriver Textiles.

20 Wanneer sluit die firm ?-- My firma sluit in Desember maand.

21. Die hoeveelste ?-- Ek onthou nie die datums nie

MAYONGO
CUGANI

1. Is dit net voor Kersfees ?— Ja voor Kersfees.

2. 'n Paar dae voor Kersfees?- Ek sal sê 2 weke voor dit want ek gaan huistoe dan gaan ek my Kersfees by diehuis deurbring. Madikane hy kry verlof.

3. Waarheen is Madikane ?— Hy is toe huistoe.

4. Waar is sy huis ?- Willowvale.

THE COURT - Any questions arising out of this.?-- No.

MR. ROGERS informs the Court he has no further witnesses to call and closes the case for No. 12 Accused.

5. MR. HARTFORD APPEARS FOR STANDARD CUGANI

STANDARD CUGANI duly sworn states :- When did youcome to Paarl from Willowvale ?-- 1956 December.

6. And o n the day of the trouble Wednesday the 21st November, what room were you s taying i n ?- D 57.

7. BY THE COURT: At Mbekweni ? Yes.

8. MR. HARTFORD PROCEEDS WITH EXAMINATION: Now on Wednesday the 21st of November, did you go home after work ?- Yes.

9. At about twilight that evening did you see any people chasing or hitting ? Yes.

BY THE COURT:

10. /What did he see "?- Isaw people being chased,/by others.

MR. HARTFORD PROCEEDS WITH EXAMINATION:

11. /Were you chased ? Yes.

12. And what did you do when you were chased ?— I ran.

13. Where did you run away to ?— I ran into the bush and I went right up into the location of Wellington. I crossed the river and went amongst the farms.

14. And where dit you spend the night ?-- At a farm in the bushes

15. Did you ever take part in drilling between the blocks ?-C No.

16. Did you go on the march or assault people on the Wednesday night ?- No.

17. Haveyou at any time belonged to a political organiisation ? No., I have never heard of it.

18. BY THE COURT: of what ?- This organisation.

19. Of what - Of politics.

20. MR. HARTFORD PROCEEDS WITH EXAMINATION: My question is Have

you ever joined a policital organisation and he said I have never heard of politics - is that the reply ?- Yes.

1. by the court; Does he never join any organisation - not even a Rugbly Club ?-- No.

2. Boxing ? No.

3. A choir ?-- No. I have never been in the choir.

4. You have never joined anyghint ?- No.

5. MR. HARTFORD proceeds with examination: Have you any previous co victions ?- No.

MR. ROGERS - No further questions.

6. MNR. TRAUT KRUISVERHOOR: Hoe laat het jy die aand by die huis gekom wat jy vandie we k af gekom het ?- Half drie in die namiddag.

7. Is dit die gewone tyd wat jy huistoe kom ?-- Ja.

8. DEUR DIE HOF: Waar werk hy ?-- Bergriver Textiles.

9. MNR. TRAUT GAAN VOORT MET KRUISVERHOOR; Het jy die heel tyd in jou kamer gebly ?-- Ja.

10. Het jy gladnie uitgegaan uit jou kameruit nie ?-- Nee.

11. Was jy nog in jou kamer toe dit an donker is ?- Ja.

12. Waar het jy geëet die aand ?-- In my huis.

13. Jy het in jou huis geëet. Het jy self gekook ?-- Toe ek terug kom het ek kos gemaak.

14. Het jy self kos gemaak ?-- Ja.

15. Waar het jy kos gemaak ?- In die kombuis.

16. Dan was jy uit uit jou kameruit ? Ja.

17. Het andermense ook kos gemaak daardie tyd ?- Ja. Baie.

18. Is dit nou jou aand kos wat jy gemaak het ?- My aand kos ja

19. Eet jy dan nie baie vroeg in die aand nie ?-- Nee ek eet eers na sononder.

20 Eers na sononder - is dit wanneer jy jou kos ook gaar maak ?- Nee toe ek teruggekom het toe het ek gaan kos kook.

21. Toe jy diemiddag teruggekom het ? Ja.

22. Hoelank was jy in diekombuis ?-- Ek het nie daar gebly nie Ek het net die pot daar gesit en net nou en dan gaan kyk hoe dit gaan.

1. Jy het dan nou endan jou kame verlaat ?_ Ja.

2. Was dit dan al donker toe jy jou kos gaan haal in die kombuis ?-- Dit was nog nie donker nie.

3. Maar toe jy eet toe was dit al donker ?-- Dit was nie donker nie maar dit was skemer die son was net onder.

4. Is dit toe jy geëet het ? Ja.

5. En na jy geëet het het jy nog 'n tyd in jou kamer gebly ?- Ja.

6. Tot dit heeltemal donker geword het ?--Net voor dit donker geword het toe het ek die geraas buitekant gehoor.

7. Hoe donker was dit toe al gewees ?-- Nee dit was nog lig genoeg jy kon iemand sien op 'n taamlike distansie. "(Hy sê van hier af tot by die pad hier buitekant)

8. Toe kyk jy uit ?-- Ek het uitgegaan en gaan kyk.

9. Sien jy toe die mense so ver soos die pad hiervan af ?-- Ja. Ek het gesien dat mensehardloop.

10. So ver soos die pad hiervan af ? Ja.

11. DEUR DIEHOF: Watter pad is dit - hoever is dit na die p ad ? 37 tree ?-- Omtrent 30 tree.

12. KRUISVERHOOR DEUR MNR. TRAUT WORD VOORTGESIT: Toe sien jy hulle hardloop weg ? Ja.

13. Toe sien jy daar hardloop mense agter hulle aan?- Na die mense verby is toe sien ek die mense wat aankom wat hulle jaag.

14. Is die mense wat voor gehardloop het toe al by jou verby ?- Party was al verby.

15. Hoe ver van jou huis af het hul gehardloop ?-- Ek sal se tot by daardie muur - dit is 8 tree.

16.En toe sien jy die anderkom ?- Toe sien ek hier is mense wat kieries en byle dra.

17. Het jy toe geweet dat daardie mense wat die kieries en die byle dra jaag hierdie klomp wat hier verby gehardlopp het ?-- Ja

18. Jy het nie geweet waarvoor hulle gejaag word nie ?- Nee.

19.Nou was jy al ooit gedreig in dielokasie ?- Nee.

20. Het jy enige mense kwaad gedoen ? Nee.

1. Jy sê jy hetnog nooit gehoor van Poqo nie ?- Nee.

2. Niemand in jou kamer het ooit gepraat daarvan nie ?- Nee.

3. Jy hetnie gehoor dat daar mens doodgemaak is Bantoes doodgemaak is deur Poqo nie ?-- Nee.

4. Jy het nog nooit gehoor dat Bantoes doodgemaak is daar nie ? Nee.

5. En daar was dus geenrede vir jou om vir enige mens bang te wees daar nie ?-- Daar was geen rede nie.

6. nogtans toe jy sien mense hardloop verby hulle word gejaag deur ander toe wil jy ook saam hardloop ?-- Ek het nog nooit so iets gesien gebeur nie.

7. Het jy nie gedink jy sal veilig wees in jou kamer nie ?-- Nee ek hetnie gedink o weer terug te gaan nie. Die h uis sal my nie help as hulle kom nie.

8. Ja maar hulle kom mos nou nie na joutoe nie?- Hulle het aangekom en ek het nie geweet dat hulle nie na my kom nie want hul e is voor my.

9. Maar jy het gesien dat hulle hardloop agter daardie mense wat weggehardloop het ?- Almal het gehardloop toe dag ek ek gaan ook hardloop.

10.. Wie anders het gehardloop?-- Ek het gesien almal hardloop.

11. Het jy ander mense gesienuitkom uit hul kame s wat hardloop ?-- Ja.

12. Toe spring jy somar onder die klomp in en toe hardloop jy ook?- Ja.

13. So jy het toe nie alleen gehardloop nie ?- Nee.

14. En tot waar het hulle gehardloop?-- Ek is toe in die bos in en daarvandaan is ek geskei vandie ander mense af.

15. En jy is toe heeltemal alleen eenkant toe ? Ja.

16. Was jy nie toe bang om alleen te wees nie ?- Ek was bang maar ek kon nie ander nie.

17. Hoekom het jy nie saamgegaan met die ander mense wat ook gehardloop het nie ?-- Dit was toe donker en ons kon mekaar nie sien nie.

18. DEUR DIE HOF: Waar was hy gearresteer.?-- Tussen die plase

anderkant die Wellington Lokasie.

1. Wanneer was dit ?- Dit was op die Donderdag oggend

2. die 22ste ? Ja.

3. Hoelaat: Dit was in die oggend.

4. Vroeg in die oggend of laat ?- Dit was nog vroeg maar die son was heelwat op al.

DIE HOF VERDAAG toe om kwart oor 2.

Met Hervatting om 2.15 nm.

STANDARD CUGANI (Beskuldigde nr. 13) nog onder eed.

1. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Daar in die bos, het jy enige ander mense daar gesien ? -- Daar was baie mense wat ek in die bos gesien het.

2. Wat het hulle in die bos gemaak ? -- Besig om weg te hardloop.

3. Wie is daar onder daardie mense wat jy ken ? -- Daar was niemand wat ek geken het nie want ek was self aan die loop.

4. Maar jy het tog mense se gesigte gesien ? -- Nee, ek kon nie hulle gesigte sien nie. Ek het net gesien dat dit mense is.

5. Van die klomp wat agter gehardloop het - wat gejaag het - het jy enige van hulle geken ? -- Nee.

6. Wat het van die ander mense geword in die bos wat daar gehardloop het ? -- Ek weet nie ek het nie gesien wat aangaan nie.

7. Wat het jy gedink het geword van die jaers ? -- Ek het nie oor hulle gedink nie.

8. Hoever is die bos van jou huis af - waar jy gehardloop het ? -- Die bos is nie ver van die huis waar ek uitgekom het.

9. Het jy gemeen die mense kom agterna tot by die bos ? -- Ja.

10. Het jy gesien hulle kom agterna tot by die bos ? -- Ja.

11. DEUR DIE HOF: Was hulle in die bos, die mense wat gejaag het ? -- Ek weet nie of hulle ingekom het nie.

12. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Het hulle gekom tot by die bos ? -- Ja.

13. So jy het geweet hulle is nie meer by jou huis nie ?

Ek weet nie.

1. Het jy omgekyk toe jy sien die mense kom aangehardloop na die bos se kant toe ? -- Ek het omgekyk.

2. Elk geval, hoelank het jy toe gebly in die bos ? -- Ek het dwarsdeur gehardloop - ek het nie gesit of gebly nie.

3. Toe jy nou anderkant uitkom, waar gaan jy toe. ? -- Toe is ek deur die lokasie Wellington, na die rivier na die plase.

4. Hoever is dit na die lokasie Wellington toe vanwaar jy toe gehardloop het ? -- Dit is oorkant die rivier.

5. Is dit baie myle ? -- Dit is 'n lang distansie maar ek weet nie hoeveel myle nie.

6. Terwyl jy gehardloop het nog in daardie rigting, het jy gesien die mense kom nog altyd agterna ? -- Toe ek deur die rivier gaan toe is dit donker toe kon ek niemand sien nie.

7. Het jy enige mense gehoor raas ? -- Daar was 'n groot geraas agter my.

8. Tot waar toe nog het jy die geraas gehoor ? -- Toe ek die rivier deur is, toe hoor ek nie meer 'n geraas nie.

9. Is dit nog naby die bos ? -- Toe is ek al ver van die bos af.

10. Het jy mense geken in Wellington-lokasie ? -- Ek ken niemand.

11. Hoekom hardloop jy toe soontoe ? -- Ek het nie soontoe gehardloop nie. Ek het verby gehardloop.

12. Jy het gladnie daar aangegaan nie ? -- Nee, ek het buitekant die lokasie verby gehardloop.

13. Het jy die hele pad van dat jy hier van jou huis af weg is, het jy aanmekaar gehardloop ? -- Ek het die hele distansie gehardloop.

14. Hoever het jy nog verby Wellington-lokasie gegaan ? --

Ver verby Wellington-lokasie.

1. Daar het jy gaan slaap ? -- Ja.

2. Sommer in die veld ? -- Ja.

3. Jy het nogtans nie eers geweet vir wie daardie mense soek nie, wie so gejaag het ? -- Nee.

4. Die volgende dag moes jy gaan werk ? -- Ja.

5. Het jy gaan werk ? -- Ek het nie gegaan nie.

6. Was jy van plan om te gaan werk ? -- Toe ek nou daar is weet ek toe ek kan nie nou meer werk toe gaan nie.

7. Toe was jy alreeds daardie aand van plan om nie te gaan werk nie ? -- Toe ek nou tussen die plase is sien ek toe dat ek nie nou meer kan werk toe gaan nie.

8. Jy het nooit daaraan gedink nie om te hardloop in die rigting van die polisiestasie ? -- Ek wou nie weer in die donker terughardloop in die rigting waarvan ek gekom het nie.

9. Daar waar jy gehardloop het in daardie pad, is daar nie munisipale polisie naby nie ? -- Ek weet nie.

10. Jy ken vir Szandisile Makhphela ? -- Nee.

11. Het jy hom hier gesien vir die eerste keer ? -- Ja.

12. Hy sê jy het 'n groot vergadering bygewoon die aand voor die optog ? -- Nee, hy het gelieg. Ek het nie na 'n vergadering gegaan nie.

13. Hy sê ook jy het aan die optog deelgeneem ? -- Ek was nie saam met hulle nie.

14. Hy sê werklik hy het langsaan jou gesit. Dit is daarom wat hy jou so goed ken ? -- Hy lieg.

15. Ken jy vir Jange ? -- Jange het ek van te vore gesien. Ons het al saam gedrink in die bar.

16. Drink jy saam met enige man daar ? -- Nee, nie met sommer enig iemand nie.

17. Jy drink net met jou vriende saam ? -- Met enige persoon wat ek al gesien het.

1. En wat jy goed ken ? -- Ja.

2. So jy het vir Jange goed geken ? -- Ek ken hom van die huis af.

3. Het jy en Jange ooit moeilikheid gehad met mekaar ? -- Nee, ek en hy het nog nooit rusie gehad nie.

4. Jange kom hier - jy het gehoor wat hy sê - hy sê jy het drilparades bygewoon saam met hom ? -- Hy lieg. Ek het nooit gesien dat mense dril nie.

5. Hy sê hy het jou ook by die polisiestasie gesien die nag van die optog ? -- Hy lieg. Ek was nie by die polisiestasie nie.

6. Hy sê ook dat jy saam met sy groep oor die Dalbrug gegaan het ? -- Hy lieg.

7. Nou, kan jy enige rede gee waarom hy vir jou sou kom vaslieg hierso ? -- Nee, ek weet van geen rede nie.

8. Is jy verbaas dat 'n man wat 'n vriend is van jou, wat saamgedrink het met jou, hier teen jou kom getuig soos hy gedoen het ? -- Ja.

HERVERHOOR DEUR MNR. HARTFOD : Geen verdere vrae nie.

9. MNR. GROENEWALD: Het jy nou eerlik waar geglo dat jou rasgenote jou sal aanval ? -- Toe ek nou sien ja, wat hulle gedra het.

10. Sonder rede moet hulle jou aanval ? -- Toe ek sien wat hulle dra was ek bang.

11. Is jy deur Wellin ton dorp ? -- Nee, ek was nooit naby die dorp nie. Ek is verby die lokasie.

12. Ek het verstaan jy het gesê jy het deur die lokasie en deur Wellington gegaan ? -- Nee, ek was nooit naby die dorp nie. Ek was verby die lokasie.

13. Hoever is die plaas van die lokasie af - van Wellington af ? -- Dit is oorkant die rivier naby die lokasie.

14. Was jy al tevore op daardie plaas ? -- Nee, dit was

die eerste keer.

1. Wat was nou jou plan, wanneer wou jy weer terugkom na jou kamer ? -- As dit lig is wanneer ek kon sien.

2. Het die polisie jou dan gevang toe dit nog donker was ? -- Nee, dit was nie polisie wat my gevang het nie, dit was 'n blanke man.

3. DEUR DIE HOF: Toe was dit al laat, jy het gesê die son het al hoog gesit ? -- Ja, u edelagbare.

4. Waarom was jy dan nog nie op pad terug nie, as jy nou terug was ?— Nee, ek was gevang terwyl ek omgedraai het en besig was om terug te kom toe die blanke man my gevang het.

5. Het jy dan nie die aand daar geslaap nie ? -- Ek het ja.

6. Jy het nou gesê as dit lig word wil jy terug kom ? -- Ek het so gesê.

7. Toe het jy gesê jy was gevang gewees toe die son al hoog sit ? -- Dit is so, maar ek was op pad terug.

8. Op pad terug ? -- Ja.

9. Op dieselfde plaas ? -- Ja.

10. Hoelaat was dit toe jy terugkom ? -- Die son was al op.

11. Is dit dan so'n groot plaas ? -- Daar is baie plase daarso.

12. MNR. GROENEWALD: Het jy al geëet ? -- Nee.

13. Wat was jou plan omtrent ete ? -- Ek sal eet wanneer ek by die huis kom.

14. Ek wil net dit aan jou stel. Het jy nie gevlug om die polisie te ontduik nie ? -- Nee.

15. DEUR DIE HOF: Hoeveel van die beskuldigdes hier voor die hof het jy geken op die 21ste November, die dag van die onluste ? -- Ek het nr. 18 geken.

1. En wie nog ? -- Daar is niemand anders nie.

2. Niemand ? -- Nee.

3. Die aand toe jy weggehardloop het het jy beskryf dat jy deur 'n bos gehardloop het, toe oor die spoor en toe deur die rivier ? -- Ja.

4. Watter rivier was dit ? -- Die Paarl rivier.

5. Dit is die Berg rivier ? -- Ja.

6. Is dit dieselfde rivier waar die Dalbrug is ? -- Ek weet nie of dit dieselfde rivier is nie.

7. Maar is dit die groot rivier wat hier deurloop ? -- Ja, dit is die groot rivier.

8. Toe jy daar by die rivier kom **het** het jy nie ander persone ook daar gesien wat weggehardloop het nie ? -- Nee.

9. Die rivier is 'n ver ent van D Blok af, nie waar nie ? -- Ja.

10. En jy was nie toe meer gejaag nie toe jy by die rivier was ? -- Ek weet nie.

11. Jy kon mos hoor of sien, kon jy nie ? -- Ek het nog steeds gehardloop, u edelagbare.

12. Maar daar is mos bosse daar by die rivier ? -- Ja.

13. Sou jy dan nie net so veilig gewees het by die bosse by die rivier as daar op die plaas by Wellington nie ? -- Ek weet nie of dit veiliger was nie maar ek wou deurhardloop.

14. Maar is die pad wat jy geneem het Wellington toe dan nie 'n ompad nie om deur die rivier te gaan nie ? -- Dit was nie 'n ompad nie.

15. Jy het mos geweet jy moet die volgende dag werk, as jy so ver hardloop sou jy mos nie kon gaan werk nie ? -- Ek het nie geweet hoever hulle my gaan jaag nie.

1. Ken jy nie vir nr. 16 nie - Temba ? -- Nee, ek het hom hier in die tronk gesien.

2. Kom hy nie ook van Willow Vale af nie ? -- Soos hy sê kom hy van Willow Vale af, maar ek het hom nie by die huis gesien nie.

3. Het jy hom nie hier geken nie ? -- Hier in die tronk het hy so gesê.

4. En Madikane - ken jy hom nie ? -- vam die tronk af ja.

5. Kom hy ook van Willow Vale ? -- Hy sê ook dat hy van Willow Vale kom.

6. So van die persone wat hier in die hof is, ken jy net beskuldigde nr. 18 ? -- Ja, u edelagbare.

7. Weet jy dat daar op die Dinsdagaand ook mense gejaag is in Mbequeni-lokasie ? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie en ook nie gesien nie.

8. Weet jy dat daar mense van die B blok gejaag is na D blok toe ? -- Ek het gesien dat mense van B loop na D.

9. Met hulle goed ? -- Ja.

10. Wanneer was dit ? -- Dit was Dinsdag.

11. Hoelaat ? -- In die namiddag.

12. Maandag, het jy dit op Maandag ook gesien ? -- Nee.

13. Het jy gesien dat mense van D blok af na B blok toe gaan ? -- Nee.

14. Het jy gehoor dat hulle sê daar in die lokasie dat die Poqos word na D blok gejaag nie ? -- Nee.

15. Het jy gehoor dat daar mense is wat genoem word Poqos wat gejaag is ? -- Nee.

16. Jy sien ons het hier gehoor dat op Dinsdagaand was die Poqos gejaag ? -- Ek het dit nie gehoor nie.

17. Het jy ooit die woord Poqo gehoor ? -- Ja. Hier in die tronk.

1. MNR. GROENEWALD : Toe jy daar op die plaas gevang was, op watter deel van die plaas was jy ? / Deur die wit man ? -- Ek was op pad tussen twee wingerde op pad na die rivier. Ek was al verby hom.

2. Was jy op 'n pad of in die veld ? -- Dit was 'n pad tussen die lande.

3. Lande of wingerde ? -- Die een land het druiwe aangehad en die ander land was net geploeg.

4. En het jy die wit man gesien aankom na jou toe ? -- Nee, hy het my geroep.

5. RE-EXAMINED BY MR. HARTFORD : Did the White man ask you to wait there till he called the police. ? -- No, he did not say so.

6. Where did the police come for you ? -- I was at the farm house, sitting outside when the police came.

---

KOLISILE GQALENI (Accused No. 14) Sworn, states.

7. EXAMINED BY MR. HARTFORD: When did you come to Paarl ? -- 1957.

8. From where ? -- From Cofimfaba.

9. On Wednesday, the 21st November of last year did you return home after work ? -- Yes.

10. BY THE COURT: From where ? -- From Woollens.

11. BY MR. HARTFORD (Cont.) After you returned home did you go to bed ? -- No, I got home and first cooked some food.

12. And after that ? -- I ate.

13. After you ate ? -- I heard a noise.

13. Were you going to bed when you heard the noise ? -- No.

14. After you heard the noise what did you do ? -- I remained in the house.

1. BY THE COURT: Where is your house ? -- D5.

2. BY MR. HARTFORD (Cont.) Did you go to sleep that night ? -- Yes.

3. In D5 ? -- Yes.

4. The next day, can you remember about what time you got up ? -- 6 O'clock.

5. Did you go to work ? -- Yes. I went to the train.

6. Did you to to work ? -- I did.

7. Did you go on the march to Paarl on the night of the 21st ? Did you assualt anybody ? -- I was not here with those people in town. I slept in my room.

8. Are you a member of any political organisation ? -- The first I hear of politic was in Worcester.

9. Have you ever joined any political party ? -- The only money I spend is on stamp mielies.

10. Have you any previous convictions ? -- No.

EXAMINED BY MR. ROGERS : No questions.

11. KRUISVERHOOR DEUR MNR. TRAUT : Hoelaat het jy by die huis gekom van die werk daardie aand van die optog ? -- Ek het nie 'n horlosie nie.

12. Maar naastenby watter tyd ? - - Die son was nog taamlik hoog hy was nog nie onder nie.

13. Jy hou ¼ voor 5 op met werk, nie waar nie ? -- Ja.

14. En jy het reguit huistoe gegaan ? -- Ek het vir die trein gewag tot half ses.

15. En toe huistoe ? -- Ja.

16. Toe jy daar by die lokasie was waar het jy kos gemaak ? -- In die kombuis.

17. Het jy onmiddellik gegaan nadat jy by die huis gekom het of was jy 'n tyd in jou kamer ? -- Ek het dadelik die pot gevat.

18. Het jy al die tyd in die kombuis gebly totdat jou kos

gaar was. ? -- Nee, ek het nou en dan teruggegaan na my kamer.

1. Hoever is jou kamer van die kombuis af ? -- Ek het dit nooit gemeet nie.

2. Hoever omtrent ? -- Ek is nou binne in die huis - ek kan nie nou hier skat nie.

3. Neem dit vir jou 'n tydjie om daar te kom ? -- Ek het nie 'n horlosie nie - ek weet niks van tyd nie

4. DEUR DIE HOF: Hoe het jy geweet dit was 6 uur toe jy opstaan in die oggend ? -- Ek het op die horlosie gekyk aan die klein wyser het ek gesien dat dit sesuur is.

5. Wie se horlosie was dit ? -- Dit is 'n horlosie wat in die huis is.

6. Waarom kyk jy nie op die horlosie ? -- Dit is nie my horlosie nie.

7. Jy mag net soggens daarop kyk ? -- Ja.

8. MNR. TRAUT (Verv): As jy daar by die kombuis is en jy praat met iemand wat by jou kamer is, kan hy hoor wat jy sê ? -- Nee, hy sal nie kan hoor nie.

9. Dit is te ver ? -- Ek weet nie of dit baie ver is nie.

10. Jy het 'n hele paar keer op en af geloop om te kom kyk na jou kos in die kombuis ? -- Ja.

11. Totdat dit omtrent so amper donker word ? -- Na sononder het ek die pot gaan haal.

12. Toe het jy die pot na jou plek toe gebring ? -- Ja.

13. Lank na sononder ? -- Dit was al 'n tydjie na die son onder was.

14. Het dit al begin donker word ?-- Ja.

15. Hoeveel keer omtrent het jy op en af geloop van jou kamer af D5 na die kombuis toe ? -- As ek loop dan tel ek nie. Ek gaan nie skat nie want ek weet nie.

1. Is dit meer as tweekeer ? -- Ek het nie tweekeer gegaan nie en ek tel nie hoeveel keer ek gaan nie.

2. Het jy net eenkeer gegaan ? -- Ek het nou en dan soontoe gegaan en weer teruggekom.

3. So dit is meer as eenkeer ? -- Meer as eenkeer.

4. En al daardie tye wat jy so op en af geloop het na die kombuis toe en terug, het jy enige groepe mense gesien ? -- Nee, maar ander kant die kombuis in B het ek mense gesien.

5. Wat het hulle gemaak ? -- Hulle het gesit.

6. Hoeveel mense was dit ? -- Dit was baie mense - ek weet nie hoeveel nie.

7. Net rustig gesit ? -- Ek weet nie ek was ver van hulle af.

8. Jy het geen mense gesien hardloop in daardie tyd totdat jy jou pot gebring het nie ? -- Nee, ek het nie mense gesien hardloop nie.

9. Toe jy nou by die huis kom met jou pot, het jy toe eers klaar geëet ? -- Ek het nie mense gesien hardloop nie, maar na ek geëet het het ek 'n geraas gehoor.

10. Was dit toe nog nie pikdonker nie ? -- Dit was nognie pikdonker nie.

11. Het jy gekyk op die horlosie hoelaat dit is ?? -- Ek het nie.

12. Toe het jy vir die eerste keer mense gehoor ? -- Ja, 'n geraas maak.

13. Hoe het hulle 'n geraas gemaak ? -- Ek het gehoor dat mense sê slaan, slaan, slaan.

14. Het jy gehoor dat hulle sê wie geslaan moet word ? -- Ek weet nie wie nie ek was binne in die huis.

15. Het jy uitgekyk ? -- Ek het nie uitgekyk nie. Was daar enige mense by jou in die kamer op daardie oomblik ? -- Daar was.

1. Wie was hulle ? -- Elijah Mbuli.

2. En wie nog ? -- Dit is al.

3. Al een wat daar was ? -- Ja, in die kamer wat ek slaap.

4. Het hy ook geëet van die kos wat jy gemaak het ? -- Ja, ons eet saam.

5. Het hy weggehardloop ? -- Nie een van ons het gehardloop nie.

6. Het julle gesels oor die geraas buite ? -- Nee.

7. Jy het jou nie gesteur aan die geraas buite nie ? -- Ons het ons nie daaraan gesteur nie want daar is altyd 'n geraas buitekant.

8. Daar is altyd so'n geraas ? -- Ja.

9. Die geraas wat jy toe gehoor het was niks buitegewoons nie, dis maar soos elke aand ? -- Ek sal nie sê dat dit eintlik dieselfde as ander dae is nie.

10. Wat was anders aan die geraas dan in ander dae ? -- Ek weet nie of daar 'n verskil was nie. 'n Geraas is maar 'n geraas.

11. Ander aande as jy ook 'n geraas hoor, hoor jy ook hulle sê slaan, slaan ? -- Nee, ek het dit nie van te vore gehoor nie.

12. Het jy gehoor of enige ander mense weggehardloop het ? -- Ek het die voetstappe gehoor van mense.

13. Watter mense, die mense wat geskreeu het "beta, beta" ? -- Ek weet nie of dit nou mense wat weggehardloop was nie of mense wat gejaag het nie.

14. Hoekom het jy nie weggehardloop nie ? -- Soos wie moet ek nou weghardloop ?

15. Soos wie - soos al die ander ? -- Hoekom moet ek nou hardloop en ek weet nie waarvoor hulle weghardloop nie.

1. DEUR DIE HOF: Maar daar het so baie weggehardloop wat nie geweet het waarvoor nie.? -- Ek sê nie wat ander sê nie ek sê maar wat ek sê.

2. DEUR MNR. TRAUT (Verv) Jackson Lamumba, is hy in jou kamer ? -- Ja.

3. Waar was hy daardie aand ? -- Hy was by sy werk by Berg River Textiles.

4. Wanneer het hy teruggekom ? -- Hy kom 10 gewoonlik van sy werk uit en ek het hom nie gesien nie.

5. Kom hy ander aande altyd 10 uur uit ? -- Hy sê dat hy kom 10 uur uit sy werk uit.

6. Saans ? -- Ja.

7. Het jy al gesien dat hy saans 10 uur uit sy werk kom ? -- Ek weet nie watter tyd hy uitkom nie want ek werk nie saam met hom nie.

8. Kom hy gewoonlik dieselfde tyd by die huis elke aand ? -- Hy kom laat terug. Ek is al aan die slaap en ek weet nie watter tyd hy terugkom nie.

9. Hierdie aand het jy hom nie gesien terugkom nie ? -- Gladnie gesien daardie aand nie.

10. En GibsonNjuza ? -- Hy bly ook saam met my.

11. Waar werk hy ? -- Rembrandt.

12. Hoelaat kom hy huistoe ? -- Hy het daar gewerk by Rembrandt en toe is hy uit sy werk uit by Rembrandt.

13. Was hy daardie dag uit sy werk uit ? -- Nee, hy het nie meer gewerk daardie aand nie.

14. Waar was hy dan gewees ? -- Hy was Wellington toe.

15. Was hy daardie dag by die huis gewees ? -- Daardie oggend toe ek werk toe gaan toe was hy daar in die huis.

16. En Herbert Longini ? -- Hy was daar maar hy slaap in die ander kamer so dwars oor ons.

17. Wanneer was hy daar gewees ? -- Daardie aand toe ek

gaan slaap toe is hy nog in die gebou.

1. In dieselfde gebou ? -- In dieselfde gebou.

2. Met twee kamers ? -- Ja.

3. Hoever is daardie kamer, jou kamer, D5 van D36 af ? -- Ek weet nie waar D36 is nie.

4. D5 is in die eerste ry, né ? -- Nee, D5 is naby C blok.

5. Is net die pad tussen C blok en D5 ? -- Ja.

6. Is dit die eerste kamers op die hoek ? -- Nee, in die middel.

7. Van daardie ry ? -- In die middel van die huise wat langs die pad is.

8. Jou huis is ook langs die pad ? -- Ja.

9. Hoeveel huise is daar nog na jou huis dieper in na die ent van D blok toe ? -- Ek het die huise nie getel nie.

9. Hier was getuienis dat daar tussen D blok en C blok was daar daardie aand baie mense bymekaar ? -- Ek sal nie stry nie. Ek weet nie.

10. Het jy gladnie wakker geword die nag nie ? -- Na daardie eerste geraas het ek nie weer 'n ander geraaw gehoor nie en het ek die hele aand geslaap tot die volgende oggend.

11. Jy ken vir Szandisile Makhphela ? -- Nee.

12. Het jy hom nog nooit voorheen gesien nie behalwe hier in die hof ? -- Ek sien hom vir die eerste keer hier in die hof.

13. Jy het geen moeilikheid met hom gehad nie ? -- Jy het nooit moeilikheid met 'n persoon wat jy nie ken nie.

14. Hy sê hy het gesien dat jy het daardie groot vergadering bygewoon daardie aand in die lokasie ? -- Wie het hy gesê wie is ek.

1. Nr. 14 ? -- Is dit my naam. Nr. 14 is nie my naam nie.

2. Hy het jou gewys hier ? -- Wie het hy gesê wie is ek.

3. Ek weet nie wat het hy gesê wie is jy nie maar hy sê jy was daar. Hy het jou gewys ? -- Ek het 'n naam. Wat het hy gesê wie is ek.

4. Jy vra nie vrae nie ek vra vir jou. Ek sê vir jou hy sê so ? -- As hy my geken het hoekom het hy my nie by my naam genoem nie ?

5. Hy sê hy het jou gesien. Hy ken jou gesig ? -- Hy het dan hier in die hof gesê dat hy daar in daardie fotos my gesig gesien het.

6. Ja, maar hy het jou ook hier uitgewys ? -- As fotos aan my gewys is kan ek ook mense onthou en uitken.

7. DEUR DIE HOF: Hy het gesê dat die beskuldigde het naby hom gesit die aand by die vergadering ? -- As ek naby hom gesit het kon hy gesê het - my by my naam genoem het en gesê hierdie is die naam - so- en-so het langs my gesit.

8. DEUR MNR. TRAUT (Verv) Ja, maar hy sê nie hy het met jou gepraat nie - hy sê nie hy het jou naam gevra nie - hy sê hy het jou daar gesien - hy onthou jou gesig ? -- Ek weet van geen vergadering nie.

9. Hy sê dat die gesig wat hy op die foto sien, is dieselfde gesig van die persoon wat hy daar sien/sit het langs hom die aand ? -- Dit is reg. Hy mag by 'n vergadering gewees het maar ek was nie. Ek was in my kamer.

10. Kyk na daardie foto. Is dit jou foto *

(Bewysstuk PG7)

Ja. Van die sit ook hierso ek kan hulle sien. Dit is presies wat hy gedoen het. Gekyk het en na die mense gekyk het.

11. RE-EXAMINED BY MR. HARTFORD: Gqaloni, have you ever been

to school ? -- No.

1. MNR. GROENEWALD: Die aand toe jy nou die mense hoor verby gaan, was dit in die straat voor julle kamer verby ? -- Hulle het beide kante van die huise verbygegaan.

2. Was julle kamerdeur oop of toe ? -- As dit sononder is maak ons die deur toe.

3. Het enige persoon geklop of probeer inkom by julle ? -- Nee.

4. Julle was ongesteurd ? -- Nee.

5. DEUR DIE HOF: Watter van die beskuldigdes voor die hof het hy geken op die 21ste November van verlede jaar ? -- Al die het ek in die tronk ontmoet.

6. Nie een van hulle geken nie. ? -- Nee, maar ek het van hullegesien daar tussen die geboue in die lokásie.

7. Watter van hulle het jy gesien in die lokasie ? -- Daar is van hulle wat ek ook saam gekook het in die kombuis, u edelagbare.

8. Wie van hulle ? Wys uit. -- Ek ken nie hulle name nie.

9. Wys hulle uit.

(Beskuldigdes word deur die Hof gevra om hulle nommers om te draai.)

Madikane is die enigste een wat ek in die kombuis gesien het. Maar ek praat nie met hom nie.

10. Wanneer het jy hom in die kombuis gesien ? -- Ek weet nie watter dag nie maar dae as ons in die kombuis kook dan kook hy ook kos daarso.

11. Hoekom sê jy nou net dis net Madikane. Jy het gesê hier is van die beskuldigdes wat jy al gesien het in die blokke ? -- Ek het almal die mense daar gesien, u edelagbare. Net gesien.

12. In die blokke ? -- Asook in die bar.

1. Is jy seker daarvan ? -- Ja, asook by die bar.

2. Het jy met van hulle gepraat ook by die bar ? -- Nee, u edelagbare, die enigste mense wat ek mee praat is die mense met wie ek saamwerk.

3. Die mense wat by jou in die huis bly werk jy met hulle saam ? -- Nee, u edelagbare.

4. Praat jy met hulle ? -- Ja, u edelagbare.

5. So jy praat met ander mense ook nie net met die wat jy saam mee werk nie. ? -- Hy sê u edelagbare,ek het nie gesê, ek het nie genoem die mense wat in die huis saam met hom bly nie. Ek het gesê mense.

6. Ek het verstaan hy sê hy praat net met die mense met wie saam hy werk ? -- Daar is nie 'n verskil nie die mense wat saam met jou in 'n huis bly is nie honde nie, jy praat met hulle.

7. Afgesien van die feit dat jy met geen van die beskuldigdes gepraat het nie , het jy hulle darem almal daar in die blokke op een of ander tyd gesien ? -- Ja, asook in die bar, u edelagbare.

8. En hulle het vir jou ook gesien ? -- Ek weet nie of hulle my gesien het nie.

HERVERHOOR DEUR MNR. HARTFORD: Geen vrae nie.

Beskuldigde vra of hy die Hof mag toespreek.

MNR. HARTFORD SPREEK DIE HOF TOE.
(Vra verlof om met beskuldigde te praat en dat beskuldigde se vraag deur hom gestel word).

MNR. HARTFORD SPREEK DIE HOF TOE.
(Die beskuldigde het nie 'n vraag om te stel nie.)

---

VEZILE FELIX JAXA (Accused No.15) Sworn, states.

9. EXAMINED BY MR. ROGERS: You are 26 years old, is that correct ? -- Yes.

10. How long have you been in Paarl ? -- I came here in

December, 1957.

1. You were living in A Block in Mbequeni ? — Yes.

2. BY THE COURT: What number ? -- A58.

3. BY MR. ROGERS (Cont.) Were you then moved ? -- Yes.

4. When was that ? -- On the 19th November, 1962.

5. Was that a Monday ? -- Yes.

6. BY THE COURT: Moved where ? -- I was then removed to C33. I was told that it was the municipal police who ordered the move.

7. BY MR. ROGERS (Cont.) On Wednesday, the 21st, what time did you come back from work ? -- I left work at 5 and I think I got home a little after 6 o'clock p.m.

8. BY THE COURT: Where do you work ? -- At Rembrandt.

9. BY MR. ROGERS (Cont.) Did you then go to the cafe ? -- Yes.

10. When you were in the cafe what happened ? -- When I was coming back from the cafe, I saw a crowd of people coming towards me being chased by others.

11. The people who were chasing did they have anything in their hands ? -- The people who were doing the chasing had weapons.

12. What sort of weapons ? -- I saw swords and axes.

13. So what did you do ? -- And I started running too.

14. And where did you run ? -- I ran into the bush.

15. How long did you stay in the bush ? -- I slept in the bush that night.

16. Why did you not got back to your room ? -- I was afraid that these people might come again and attack us, or lie and wait for us.

17. The next morning what did you do ? -- The next morning when the sun was out I got up and I went to Wellington to get some food.

1. How long did you stay at Wellington ? -- I left Wellington at just about sunset and I went back to the bush.

2. In other words you slept that night in the bush ? -- Yes.

3. And where did you eat ? -- I go and eat at Wellington and go back to the bush.

4. How long did you do this for ? -- I did that until the following Tuesday when I was arrested.

5. You didn't go back to work the next day ? -- No.

6. Why not ? -- I was afraid of being assualted by these people.

7. Was there any other reason ? -- I was also afraid of being arrested by the police, because on Friday morning I had a peep at the location and I saw that people were being arrested.

8. Have you any knowledge of trouble in Paarl on the 21st ? -- No.

9. Have you ever belonged to any political organisation ? -- No.

10. Have you ever been in any sort of trouble with the police ? -- No.

EXAMINED BY MR. HARTFORD: No questions.

11. KRUISVERHOOR DEUR MNR. TRAUT: Jy het gesê jy het nog nooit enige moeilikheid met die polisie gehad nie ? -- Nee.

12. En jy het geen rede gehad om bang te wees vir hulle nie ? -- Ek is bang as ek sien hulle arresteer mense.

13. Jy het seker al voorheen gesien dat polisie mense arresteer ? -- Ja, ek het maar nie so'n klomp mense daar in die lokasie nie.

14. DEUR DIE HOF: Dat ek dit net duidelik verstaan, die vraag was of jy enige rede gehad het om bang te wees vir die polisie ? -- Ek het gedog dat hulle my ook sal vang

as hulle my sien.

1. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Maar jy het mos geweet dat het niks gedoen nie ? -- Nee, toe ek nou sien almal word gevang toe dog ek ek sal ook nie vry kom nie.

2. Het jy gesien almal word gevang ? -- Ek het gesien dat daar baie polisie vangwaens en dat baie mense in die vangwaens gesit word.

3. Jy het gesien die mense jaag die ander mense die vorige aand ? -- Ja, die Woensdagmiddag het ek dit gesien.

4. Jy het gedink dis kwaaddoeners daardie wat vir julle onskuldige mense so kom jaag ? -- Ek weet nie maar daar was polisie saam met die mense.

5. Saam met wie was die polisie ? -- Die polisie vangwaens was ook daar daardie Woensdagmiddag toe mense gejaag word.

6. Toe was die polisie ook daar gewees ? -- Daar was twee polisie vangwaens.

7. DEUR DIE HOF : Was dit dan die polisie wat die mense gejaag het die Woensdagmiddag ? -- Nee, dit was nie die polisie nie.

8. Wat het die polisie dan daar gemaak ? -- Hulle het maar net daar om en rondom gery.

9. Jy is nou seker dat dit nie polisie was wat die mense op Woensdag gejaag het nie ? -- Ja, ek is seker.

10. Toe jy nou sien die polisie arresteer mense het jy die mense geken wat gearresteer word ? -- Ek het die mense nie geken nie.

11. Hoe het jy geweet dit is nie die mense wat die ander gejaag het, wat gearresteer word nie ? -- Ek het nie geweet watter mense word gearresteer nie. Ek het net gesien dat almal word gevang.

1. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Het jy nog nooit daar gehoor van Poqo nie ? -- Nee.

2. Het jy gehoor van P.A.C. ? -- Nee.

3. Pan Africanist Congress ? -- Nee, ek ken hulle nie.

4. Het jy nog nooit die groot "Afrika" gehoor nie, "Sileto Afrika" nie ? -- Nee.

5. Het mense gladnie gepraat van enige politieke organisasie daar in die lokasie nie ? -- Nee.

6. Het jy ook nie gehoor van 'n groep wat gevorm is teen die regering nie ? -- Nee.

7. Jy het niks nodig gehad om vir enige van daardie mense bang te wees nie ? Poqos nie ? -- Ek was nie vir Poqo bang nie want ek het hulle nie geken nie.

8. Niemand anders het jou nog gehinder daar in die lokasie ? -- Nee.

9. Niemand het jou nog gedreig nie ? -- Nee.

10. Jy ken vir Tole wat hier getuig het ? -- Ek het hom hier in die hof gesien.

11. Vir die eerste keer ? -- Ek kan hom nie onthou nie. Ek weet nie of ek hom van te vore gesien het nie

12. So iets is maklik om te onthou ? -- Daar is baie mense daar in die lokasie. Jy kan nie almal onthou nie.

13. Hy sê hier. Hy sê ook soos jy sê. Hy sê die mense het jou gejaag ? -- Ja, ek het so gehoor ja.

14. Hy sê hy was daar gewees. Hy het nie gehardloop nie - hy het gesien die mense jaag julle ? -- Ek het hom nie gesien nie.

15. Maar hy sê dit is heeltemal op 'n ander plek wat die mense jou gejaag het ? -- Waar sê hy waar was dit ?

16. Hy het gesê dis by die huis, by sy huis, Tole se huis ? -- Ek weet nou nie toe ek nou van die kafee af kom nie, of ek nou miskien langs sy huis was nie. Ek weet nie.

1. Jy weet nie ? Herhaal daardie ? -- Ek weet nie toe ek van die kafee af kom of ek miskien langs sy huis was nie.

2. Dit kon gewees het ? -- Dit is moontlik ja.

3. DEUR DIE HOF: Watter blok was hy voor hy gehardloop het ? -- Ek weet nie watter blok --

4. Nee, nee, nee, die beskuldigde. Voor jy begin hardloop het waar was jy ? -- Ek was by D Blok.

5. D Blok ? -- Ja, toe ek van Ferreira se kafee af kom.

6. DEUR MNR. TRAUT: (Verv.) Is Ferreira se kafee daar naby op die hoek ? -- Nee, dit is anderkant D blok.

7. Hoeveel mense het motorkarre daar in die lokasie ? -- Ek weet nie hoeveel nie maar daar is baie mense wat karre daar het, wat ek gesien het.

8. Was Damane, nr. 21, het hy ook saam weggehardloop van die polisie ? -- Ek het hom daardie dag nie gesien nie.

9. Gladnie ? -- Gladnie.

10. Tole sê dat hy en jy was saam, julle twee, nr.21 en jy ? -- Wanneer ?

11. Die aand met die optog ? -- Hy maak 'n fout want ek was alleen toe ek van die kafee af kom en ek was alleen toe ek hardloop.

12. Hy sê jy en Damane, nr. 21, het vir hom kom vra om Kaap toe te ry met sy kar ? -- Ek het nie Kaap toe gegaan nie.

13. Wou jy gegaan het ? Wou jy nie gaan kla het in die Kaap nie oor die mense wat julle so jaag nie ? -- Nee, Ek sal nie daar in die Kaap gaan kla nie.

14. Waar sal jy dan gaan kla ? -- Ek sal hier in die Paarl by die polisie kom kla.

15. Jy sou nie bang gewees het om daar te gaan kla nie ? -- Geen antwoord.

16. DEUR DIE HOF: Waarom het jy dan nie hier in die Paarl

gaan kla nie. ? Omdat ek is tevrede dat die polisie was daar en hulle het gesien wat aangaan.

1. Jy sê die polisie het net rondgery daar ? -- Ja, maar hulle was naby D Blok, u edelagbare.

2. DEUR MNR. TRAUT (Verv). Maar daardie slag, hoekom het jy nie dan na die polisie vangwaens toe gehardloop nie ? Jy sien dan hulle is daar ? -- Hulle sien dan dat die mense gejaag word. Hulle sien die mense wie die ander mense jaag.

3. En hulle doen niks ? -- Ek het nie gesien dat hulle iets doen nie.

4. Het jy enige van die polisiemanne wat daar staan by die vangwaens, hier in die hof gesien ? -- Nee, ek het net die polisievangwaens gesien. Ek kon nie sien wie is wie in die waens nie.

5. Daar by Wellington, ken jy mense in die lokasie ? -- Daar is iemand wat ek daar ken.

6. Wie is dit ? -- Hy sê dit is sy broer. Maar dit is eintlik sy Pa se broer se kind, wat nou 'n bietjie ouer as hy is. Hy sê dit is sy broer.

7. Sy neef ? -- Gibson, sy neef.

8. Elk geval is dit by die wat jy gaan eet het ? -- Ja.

9. En jy het vir 'n hele paar dae daar elke dag gaan eet ? -- As ek daar kom en daar is kos dan eet ek.

10. En jy het geweet die mense wat jou gejaag het hierso in die Paarl, die is nie meer 'n gevaar vir jou daar nie. ? -- Ek is nie meer bang vir hulle nie.

11. Jy was nie meer bang vir hulle nie, jy het nou veilig gevoel ? -- Ja, maar ek was bang om terug te kom hier na die lokasie.

12. Hier na die Paarlse lokasie ? -- Ja, na Mbequeni-lokasie.

13. Maar daar was jy nie bang nie ? -- Nee.

1. En hierdie neef van jou wat daar woon, hoe groot is sy familie ? -- Nee, sy vrou en kinders is nie hier nie, maar hy bly in daardie kamer met 'n ander man.

2. Is dit net hulle twee wat daar woon ? -- Ja.

3. Eet jy saam met hulle twee ? -- Ja, as ek daar kom en daar is kos.

4. Hoeveel kamers is daar ? -- Dis net een kamer.

5. Hoeveel beddens is in die kamer ? -- Twee beddens.

6. Twee beddens, vir elkeen van hulle een ? -- Ja.

7. En elke aand gaan jy en jy gaan slaap in die bos ?, -- Ja.

8. Hoekom gaan slaap jy dan toe in die bos en hoekom vra jy nie vir jou neef of jy nie maar daar kan slaap in die aand nie ? -- In Wellington-lokasie het ek geen reg om daar te wees nie en ek mag gearresteer word.

9. Is dit die enigste rede waarom jy nie daar geslaap het nie ? -- Ja.

10. Mag jy dan in die dag daar wees ? -- Nee, ek het maar gesteel toe ek ingaan.

11. Hoe ? -- Ek het gesteel toe ek ingaan.

12. Skelm-skelm ingegaan ? -- Skelm, ja.

13. Ja, maar in die dag kan jy gesien word en die aand kan jy nie gesien word nie ? -- Ek het eers goed uitgekyk voor ek ingaan.

14. Is dit dieselfde huis daardie waar jy toe gearresteer is ? -- Nee.

15. Jy was by 'n ander huis gearresteer ? -- Ek was gearresteer in die huis waar ek eers gebly het voor hy na die huis gekom het.

16. Waar is dit ? Geen antwoord.

17. DEUR DIE HOF: Wie se huis is dit ? Ek weet nie wie is die eienaar van daardie huis nie.

1. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Waar is dit ? -- In die lokasie in Wellington.

2. DEUR DIE HOF: Hoe het jy dan daar uitgekom ? -- Ek het eers na Gibson se huis gegaan om kos te vra. Toe is hy nie daar nie, toe is hy by die werk en toe gaan ek na die huis om kos te vra.

3. Maar dit was die Dinsdag gewees ? -- Ja.

4. Dis amper 'n week daarna ? -- Ja.

5. Waar het jy dan die week gebly voor die Dinsdag ? -- By boetie Gibson.

6. Jy het mos geweet dat Gibson werk ? -- Ek het geweet.

7. Ek kan nog nie verstaan hoekom hy op hierdie dag na die ander huis gegaan het wat hy nie ken nie ? -- Omdat Gibson het in daardie huis gebly en ~~hy ken die mamma,~~ die vrou, wat daar bly.

8. DEUR MNR. TRAUT (Verv). Maar hoekom het jy nooit gaan werk nie, was jy nie bekommerd gewees oor jou werk hier in die Paarl nie ? -- Nee, my plan was toe net om terug huis toe te gaan.

9. Jy was gladnie van plan om terug te kom Paarl toe nie ? -- Nee, ek sou later aan gesien het, sou ek miskien weer teruggekom het.

10. Het jy al jou goed by jou gehad ? -- Nee.

11. En jou geld ? -- Ook nie.

12. Het jy geld en goed hier laat agter bly ? -- Ek sou dit nie agtergelaat het nie.

13. Jy sou dit eers kom haal het ? -- Ja.

14. Jy ken vir Boya, hy het hierso getuig. James Boya ? -- Ja.

15. Waar het jy hom voorheen gesien ? -- Ons was saam gearresteer maar toe het ek hom nie by sy naam geken nie.

Ek hoor nou hierso dat sy naam Boya is.

1. Julle was saam gearresteer by Wellington ? -- Ja.

2. Het julle saam daaruitgekom by dieselfde plek ? -- Ons was in dieselfde huis gevind.

3. Maar het julle saam-saam by daardie huis gekom ? -- Toe hy in daardie huis inkom het ek hom nie gesien nie.

4. Toe jy daar kom was hy nog nie daar nie ? -- Ek weet nie of hy daar was nie.

5. Waar het hy vandaan gekom toe jy daar gearresteer is saam met hom ? -- Hy was in die kamer gevind.

6. DEUR DIE HOF: Is dit die eerste keer wat jy hom toe sien ? -- Ja, edelagbare.

7. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Ek verstaan dat nr. 6, Madalambune, het gesê jy en Boya was daar, toe nr. 6 daar aankom ? -- Dit is miskien reg.

8. Was julle toe bymekaar gewees ? -- Nee, ons was nie bymekaar nie.

9. Waar was jy ? -- Ek was in die voorhuis.

10. En hy, Boya ? --Toe ek weer sien, toe kom hy by die kamer uit.

11. Boya sê dat julle saam-saam weggehardloop Wellington toe ? --

DEUR DIE HOF: Nee, hy het dit nie gesê nie.

12. Jy sê jy was nooit in die Kaap nie ? -- Nee.

13. DEUR DIE HOF: Was jy ooit op Langa ? -- Nee.

14. Nog nooit in jou lewe nie ? -- Ek was al in Langa.

15. Wanneer was dit ? -- Ek was laas in 1959 in Langa.

16. Nie weer daarna nie ? -- Nee.

17. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Ken jy vir Szandisile Makhaphela ? -- Nee.

18. Het jy hom net hier gesien ? -- Ja.

19. Hy sê hy het jou gesien op die groot vergadering ? --

Ek was by geen vergadering nie, ek was in die bos.

1. Hy sê hy ken jou naam ook goed ? -- Dit is moontlik dat hy my naam hierop die fotos gesien het.

2. Staan jou naam op die fotos ? -- Daar is een foto wat my naam aan het.

3. Hy het ook gesê hy ken jou as 'n lid van Poqo ? -- Ek was nooit 'n lid van Poqo nie.

4. Hy sê ook jy was 'n leier van 'n groep van 10 ? -- Hy sal die hof nie kan sê watter 10 mense ek die leier van is nie.

5. DEUR DIE HOF: Is jy dan die leier van 10 ? -- Nee.

6. DEUR MNR. TRAUT (Verv.) Hy sê jy het ook vergaderings toegespreek. ? -- Makhaphela het my nooit by 'n vergadering gesien nie.

7. Was jy al ooit by vergaderings ? -- Nee.

8. Het jy als gehoor wat Makhaphela hier gesê het teen jou ? -- Ek het gehoor ja.

9. Is niks daarvan waar nie ? -- Nee.

10. Ek het al klaar gepraat van Tole. Jy sê jy ken hom ook nie ? -- Nee.

DIE HOF VERDAAG OM 4 NM. TOT 10 MORE OGGEND.

Collection Number: AD1901

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court Records 1958-1978

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.